

Nomades Voetslaanklub - Roeteterugvoer.

Injisuthi, Marloti-uKhahlamba-Drakensberg Park.

Wêreld erfenis terrein, KZN Wildlife.

Kamp : S29° 07' 07.9", E29° 26' 20.0"

Vrydag 19 April tot Maandag 22 April 2019.

Everdt Combrink, Renee Crous, **Piet van Immerzeel**, Wouter Crous, Corrie & Jan du Preez, Elsabe During, Stephan van der Merwe, Marius Stander, **Paul Snyman**, **Johan Celliers**, **Dave Hale**, **Ilizette van Immerzeel**, **Christie Redelinghuys**, **Wilma Hale** en **Wilna Moolman** stap saam. 16 Siele.



Meeste mense draai af by Harrismith, verby die Sterkfontein dan, via die Olivierhoekpas, op die R74, deur Bergville en draai by Winterton af op die R600, en volg dan die bordjies na Injisuthi. Tot deur die landelike gebied was die pad aanvaarbaar, maar wanneer die hutjies ophou, begin die stuk pad wat eens op 'n tyd geteer was. Nou 'n sleg stuk grond, vol slote en draaie, maar doenbaar. Dan wanneer ons by die hek van Injisuthi ingaan weer billike teer pad, nou, met die enkele slaggate, maar baie duidelike tekens dat die gate wel toegemaak word. Mooiry en rustig ry. Sommige het sommer al die Donderdag gery en by verskeie backpackers in die omgewing oorgebly.



Almal kom darm veilig teen Vrydag middag aan. Agt bly in die groepskamer met beddens en beddegoed, waar ons kombuisie ook is en en-suite-badkamer, krag en lig ook net vir 'n beperkte tyd laatmiddag en vroeëand beskikbaar, 4 in twee van die **safaritente**, met beddens en 'n gasplaat en 4 **brawes kampeer** met als hul eie, sonder krag. Een van die tente werk ook net goed as dit nie reën nie.

Vrydag middag 14:00 stap 'n paar van ons (MS,WH,DH,Pvl,Ivl) wat al daar was die kort sowat 4.2Km roete, vanaf die groepskamer, 'n hele end oor die groen grasvlakte, oor die Delmhlwazine rivier met sy heerlike vars water via die 'Old hut', en al langs die kontoer terug, deur die bos en oor die bruggie agter agter die chalets en so 15:40 is ons terug. 'n Goeie lusmakertjie vir die mooi veld en natuur en uitsigte wat die volgende dae ook nog sal kom. Vrydag aand braai almal heerlijk saam by die groepskamp.



Saterdag begin ons 8:00 te stap. Die groepskampers ontmoet die tenters by die bruggie, waar die gebruikelike groepsfotos dan ook geneem word. Dankie Wilna!. Begin hoogte sowat 1405m. Eers stap ons 'n stukkie met die karpad dan net voor die brug oor die Injisuthi rivier draai ons op in die berg in. Al om die



kontoere en dan die kruising, skoene uit oor die rivier, al matig op-op-op teen die grasvlaktes in die kloof op. Mooi protea's sewejaarjies en 'n horde ander blommetjies. Masiewe kranse links van ons en regs, oorkant die rivier die digte inheemse woude. Dan die afdraaipad na die Marble Baths. Oor nog 'n rivier, en daarna 'n stewige steil stukkie op, eindelijk die enigste werklik gevaarlike stuk, agv die los oppervlak en die helling. Die res van die paadjies is mooi oop en gedefinieer, alhoewel soms aanhoudend steil. Die Marble Bath grot is dan net links van die paadjie waarheen



sommige van die meer energieke wat vooruit gestap het gaan kyk het, maar ons daal af na die unieke stukkie rivier, waar 'n skeur al in die sandsteenvloer uitgewerk is. Ons is so 12:00 se kant daar, hoogte 1780m. As die weer dit toelaat 'n heerlike natuurlike 'supertube', net nie heeltemal so glad nie. Bietjie te koel en bewolk om te swem. Daar is



heelwat stappers in die berg, van hulle waag dit wel in die water. Agv 'n winderigheidjie en koeligheidheid wat neerdaal, besluit die groep om nie te lank hier te vertoef nie, en na middagete en fotos geneem is, word die terugtog so teen 12:30 aangepak. Selfde paadjie terug, nou sien ons al die mooi van die anderkant af. Die steil affie is 'n uitdaging met die los grond, maar darm net vir 'n kort stukkie, dan weer die beter paadjies. Weer die riviere op twee plekke groot kruis. Teen 15:45 is ons terug by die kamp. Sowat 18km gestap vandag.



Saterdaggaand word weer gebraai. Klippe word onder in die drombraai gepak om die kole nader aan die rooster te bring. Pap met mielies word gemaak, somer die '10minute quick cook' weergawe, maar almal geniet dit. Wilna skenk en maak die sous. Heerlik! Bietjie van 'n uitdaging is die een badkamer, waar die toilet ook in is, vir ons al agt. Ons kuier nie te laat nie en almal, veral die groepskamer mense geniet hul sagte dik matrasse.

Sondag begin almal, ja, die hele groep! om 8:00 te stap net agter die groepskamp op 1475m nadat paas-eiers op die spesiale oggend uitgedeel is. Op, soos dit 'n verwag word van 'n ordentlike bergstap, hou links by die 'Grindstone grotte' padpredikant. Deur die geelhoutwoud met sy mosse en mooi en oor die bruggie. Dan begin die regte steil op. Almal verkyk hul aan die masiwiteit van die kranse en kliprante hier rondom ons, hier en daar kleiner watervalletjies, oneindige rollende groen grasvelde met kol-kol stukke woud tussen-in. Teen 10:00 is ons by die oorhange op 1825m. Eers 'n kleiner oorhangetjie netjies weggesteek agter die digte plantegroei met sy lae dak ensuite natuurlike stort en lopende wat vir drink en was gebruik, alles vars uit die waterval hier voor die grot. Die weer begin dik raak en bewolk. Ons sit 'n tydjie hier en neem net die grootsheid en die skoonheid van die berg in. Daar is geen manier dat fotos dit kan vasvang nie. Ons kyk waar ons vandaankom en waarheen ons op-pad is.



Deur die twee groot Grindstone oorhange, waar baie mense oornag een die oorspronklike maalsteen ook nog lê, geen stapper het lus om die klip in sy sak te laai nie. Dan weer lekker relatief gelyk kontoerstap teen die skuinste. Mooi kyk waar 'n dowe paadjie aangaan in die ringting van die kontoerpad, maar ons draai skerp regs af, deur die stroompie en skerp op, nog op en op en dan wanneer die misreentjie alreeds begin het, kruis ons die riviertjie wat die mooi waterval maak wat ons nog heeltyd daar van Gridstone se kant af gesien het.

Daar kan nie genoeg fotos geneem word nie. Ons almal blaas en hyg, stop en hyg, maar oorwin die berg en steiltes treetjie vir treetjie. Net aanhou....





Teen 11:30 op ons hoogste punt in die saaltjie op 1990m, 515m hoër as waar ons begin het vanoggend. Nou skerp afdal tot by die kamp. Gly-Gly af in die natigheid en reentjie op die gladde klei-tipe grond. Wydbeen loop op die gras en ander style word beproef om te probeer regop bly. 'n Paar wens die Widedagga met sy mooi oranje blomme kon dalk help energie gee, maar ongelukkig toe nie. Eers al af in die 'Catarack' valei, ongelukkig in die reen, wat te veel stop en fotos moeilik maak, maar mooi veld, stroompies, plantegroei en klipformasies en dan die laaste paar km al langs die vlakke langs die Delmhlwazine rivier terug tot waar ons begin het by die groepskamer.



Sondagaand is almal moeg en nat, maar almal is dit eens, die mooie natuur maak op vir al die uitdagings en swaarkry. Die grootsheid van die berg tref ook almal.

Sondag aand weer semi onder die afdak gebrui, en weer pap gemaak en die oorskiet sous van gisteraand ook opge-eet. Maandag oggend pak meeste vroegerig op in die reen. Niemand sien kans die nog 'ns stappie vanoggend nie. Almal keer huiswaards met die modderige pad uit. Op ons uitrit, het 'n voertuig ook op die modder grondpad vasgesit, maar 'n ander voertuig kon darm hek.

Maandag aand slaap ek, Johan en Wilna nog oor by Inkosana Backpackers lodge, so 'n paar km terug op die Monk's Cowl pad. Die hele Maandag maar 'n nat, grou dag. Dinsdag terug via Bergville, Oliviershoek pas, Driekloof en Sterkfontein dam, Harrismith en huiswaards, rigting Pretoria. 'n Heerlike en besondere mooi langnaweek.

www.KZNWildlife.com Sentrale besprekings : 033 845 1000, Injisuthi oord : 036 431 9000

Finansies:

Inbetalings: R12,685
 Groepskamer 7 x R1,030 (Lid) + 1xR1,075 (nie-lid) = R8,285
 Safaritente 4 x R710 (Lid) = R2,840
 Kampeerplekke 4 x R390 (Lede) = R1,560
 Uitbetalings : R12,396
 KZN Wildlife: R12,120
 8 bed Groepskamer : R2,660 x 3 nagte = R7,980 (R998pp)
 Safaritente : R450x3nagtex2tente = R2,700 (R675pp)
 Kampeerplekke : R120x3nagtex4persone = R1,440 (R360pp)
 Brikette (6 x 4kg sakke @ R25 elk)+2x aanstekers@R12 elk : R174.00
 Mielie-meel&Mielies : R48 (Wilna het die sous geskenk, Baie Dankie.
 Paaseiers (32x) : R54.00
 Projek surplus : R289 (2.3%)



Wat sê die stappers?

J: "My tent is kwesbaar vir reën", "As dit nie reën nie, werk hy nog 100%", W: "Dit was AsemRowend. Die Hele roete was Asemrowend."
 "Die Hoogtepunt was die reën",
 C: "Alles was Pragtig-Pragtig, die Drakensberge is altyd spesiaal.
 I: "Asebenewend, dit was ongelooflik, ek sal enige tyd terugkom. Dit is 'n stukkie juweel. Jy kan dit nie in woorde beskryf nie, jy moet dit beleef.", "Dit laat jou ongelooflik klein voel, Jy voel net so afhanklik, so klein.", "Ek kom terug"
 P: "Dit neem 'n Fiks en geharde stapper om die roete te voltooi", "Die uitsigte en ervarings, geld kan dit nie koop nie",
 J: "My kleure was deurdrenk van die water", R: "Die af was moeiliker as die op, erg glad", "Baie mooi, maar moeilik".

Stapgroete

Marius Stander,
MariusStanderPTA@gmail.com
www.Nomades.co.za

2019/05/16b.

